WORK ACCIDENT SUPPORT

- BELANGRIKE INFORMASIE
- TYDELIKE ONGESKIKTHEID
- PERMANENTE ONGESKIKTHEID
- STERFTE AGV 'N BESERING
- MEDIESE ONKOSTE
- VERVOER VAN WERKERS

KONTAK ONS

# EK IS NIE NET 'N WERKER OP 'N PLAAS NIE



# VOORDELE VIR BESERINGS IN DIE WERKPLEK

## WET OP VERGOEDING VIR BEROEPSBESERINGS EN SIEKTES

WORK ACCIDENT SUPPORT


- BELANGRIKE INFORMASIE
- TYDELIKE ONGESKIKTHEID
- PERMANENTE ONGESKIKTHEID
- STERFTE AGV 'N BESERING
- MEDIESE ONKOSTE
- VERVOER VAN WERKERS


KONTAK ONS

# BELANGRIKE INFORMASIE

## WET OP VERGOEDING VIR BEROEPSBESERINGS EN SIEKTES (COIDA)

Suid Afrika is 'n land met vele arbeidswetgewinge en een hiervan is die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes. Besighede moet registreer met die Departement van Indiensnemening en Arbeid se Vergoedingsfonds om werkers te verseker teen werksbeserings.

### Die werkers sluit in:

- permanente werkers
- tydelike werkers
- kontrak werkers
- seisoen werkers
- werkende direkteure wie 'n salaris ontvang

## RAPPORTEER 'N WERKSBESERING

Alle werksbeserings en beweerde werksbeserings moet elektronies binne **7 dae** aan die Vergoedingsfonds gerapporteer word nadat kennis ontvang is van die besering deur die volgende vorms te voorsien:

- werkgewer se verslag oor 'n ongeval
- afskrif van beseerde werker se ID
- afskrif van beseerde werker se salarisadvies
- dokter se eerste mediese verslag (wanneer beskikbaar)
- enige ander vraelyste (motor ongelukke)

Beserings moet op die nuwe elektroniese platform, Compeasy gerapporteer word.



# TYDELIKE ONGESKIKTHEID

## TYDELIKE ARBEIDSONGESKIKHEID

Wanneer 'n werker van diens afgeboek is agv 'n werkbesering moet die werkgewer die werker se lone betaal vir die tydperk afgeboek tot 3 maande. Die werker kan sy/haar salaris direk vanaf die Vergoedingsfonds eis na die 3 maande indien nog steeds afgeboek.

**Die Vergoedingsfonds sal 75% van die werker se salaris terugbetaal aan die werkgewer:**

- die werker moet die dokter maandeliks besoek totdat die saak afgesluit is
- die dokter moet 'n datum geskik aandui wanneer die werker terug werk toe moet gaan
- die dokter se finale mediese verslag en die hervattingsverslag moet voltooi word om die lone terug te eis vanaf die Vergoedingsfonds

Besighede verloor jaarliks duisende rande deur nie die lone terug te eis nie.

## TYDELIKE GEDEELTELIKE ONGESKIKTHEID / LIGTE DIENS

Wanneer 'n werker beseer en geskik is vir diens, kan dokters aanbeveel dat die werker geskik is om ligte diens te verrig. Dit beteken die werker is nie geskik om al die take te verrig waarvoor hy/sy aangestel is nie. Indien ligte diens nie beskikbaar is in die besigheid nie kan die werker diens verrig van wanneer hy/sy geskik is vir normale diens.

Maak seker dat die besigheid se bankrekening geregistreer is op die nuwe stelsel.



KONTAK ONS

WORK ACCIDENT SUPPORT


- BELANGRIKE INFORMASIE
- TYDELIKE ONGESKIKTHEID
- PERMANENTE ONGESKIKTHEID
- STERFTE AGV 'N BESERING
- MEDIESE ONKOSTE
- VERVOER VAN WERKERS


KONTAK ONS

# PERMANENTE ONGESKIKTHEID

## BETALING VAN ENKEL BEDRAG

Wanneer 'n werker ernstig beseer was in 'n werkbesering kan 'n persentasie ongeskiktheid bereken en betaal word aan die werker. Die volgende word betaal deur die Vergoedingsfonds en nie die werkgewer nie:

- Enkel bedrag – persentasie tussen 1 en 30%
- Maandelikse pensioen – persentasie tussen 31 en 100%

### Voorbeelde van permanente ongeskiktheid is:

- werker se vinger, arm, tone, of been is geamputeer
- werker se gewrig soos vinger, pols, elmboog, enkel, knie of heup het gebreek en daar is 'n beperking in beweging
- 'n werker het brandwonde opgedoen en daar is nou letsels wat sigbaar is

Die enkel bedrag of maandelikse pensioen word betaal wanneer die werker se mediese toestand stabiliseer en geen verdere behandeling is nodig nie.

### Die berekening vir die enkel bedrag is soos volg:

- Salaris x % ongeskiktheid x 15 (15 keer die werker se salaris)

## BETALING VAN MAANDELIKSE PENSIOEN

Die persentasie ongeskiktheid is bereken tussen 31 en 100% en die maandelikse pensioen word betaal vanaf die dag wat die werker se mediese toestand gestabiliseer het en die berekening is soos volg:

- Salaris x 75% x % ongeskiktheid

Die maandelikse pensioen verhoog jaarliks en word betaal vir die res van die pensioenaris se lewe.



WORK ACCIDENT SUPPORT


- BELANGRIKE INFORMASIE
- TYDELIKE ONGESKIKTHEID
- PERMANENTE ONGESKIKTHEID
- STERFTE AGV 'N BESERING
- MEDIESE ONKOSTE
- VERVOER VAN WERKERS


KONTAK ONS

# STERFTE AGV 'N WERKBESERING

Waar 'n werker te sterwe kom agv 'n werkbesering is 'n enkel bedrag, 'n maandelikse pensioen, en die begrafnis onkoste betaalbaar aan die afhanklikes van die oorledene. Indien die oorledene nie getroud was nie kan die ouers, broers, susters kwalifiseer vir 'n betaling vanaf die Vergoedingsfonds.
Werkers wie nie getroud is nie en wie saamwoon met 'n gade en wie minderjarige kinders het moet 'n nominasie vorm voltooi om dit te bevestig by hulle huidige werkgewer.

## ENKEL BEDRAG

'n Enkel bedrag word soos volg bereken:

- Salaris x 75% x 2

## MAANDELIKSE PENSIOEN

'n Maandelikse pensioen aan die gade word soos volg bereken:

Salaris x 75% x 40%

'n Maandelikse pensioen is betaalbaar aan die minderjarige kinders tot 'n maksimum van 3 tot die ouderdom van 18.

## BEGRAFNIS ONKOSTE

Die bedrafnis onkoste word betaal aan die gade van die oorledene of die persoon wie reeds vir die begrafnis betaal het tot 'n maksimum bedrag. Die bedrag vanaf 1 April 2023 was R 19 620 en verander jaarliks. Indien die werkgewer die begrafnis wil betaal, sal ek voorstel om die bedragfisondernemer direk te betaal, en nie aan die familie om dan die gelde terug te eis vanaf die Vergoeidngsfonds.



WORK ACCIDENT SUPPORT


- BELANGRIKE INFORMASIE
- TYDELIKE ONGESKIKTHEID
- PERMANENTE ONGESKIKTHEID
- STERFTE AGV 'N BESERING
- MEDIESE ONKOSTE
- VERVOER VAN WERKERS


KONTAK ONS

# MEDIESE ONKOSTE

Die Vergoedingsfonds is ook 'n mediese fonds en dokters moet hulle eise direk stuur aan die Fonds. Die werkgewer of die werker mag nie verantwoordelik gehou word vir die betaling van enige mediese onkoste nie. Dit is ongelukkig 'n realiteit dat baie dokters nie werkers wil behandel vir werksbeserings nie agv rekeninge wat nie betaal word. Indien die rekening deur die werkgewer, werker of die mediese fonds betaal was kan 'n terugbetaling geeis word deur die volgende te voorsien:

- mediese verslag van die konsultasie
- faktuur wat uitgereik was deur die dokter
- bewys van die betaling
- voorskrif wat deur die dokter uitgereik was en volledige apteek faktuur (apteek rekening)
- maak seker die bankrekening is geregistreer op die Vergoedingfonds se stelsel voor daar aansoek gedoen word vir die terugbetaling

Wanneer die dokter 'n saak afsluit of die besering aan diens het meer as 2 jaar gelede plaasgevind word hierdie sake gesluit. Die dokter moet dan aansoek doen vir die heropening voor die Vergoedingsfonds weer enige verdere mediese rekeninge sal betaal. Beseerdes kan kwalifiseer vir chroniese medikasie, kunsmatige ledemate en rystoele indien nodig.

Die kilometers wat gery was om 'n werker te vervoer vir mediese behandeling kan ook geeis word vanaf die Vergoedingsfonds. Voorsien die volgende vorms:

- Eis vir verblyf- en vervoeruitgawes vorm (WCl.69)
- Bewys van betaling
- Mediese verslag met dieselfde datum vir behandeling soos op die WCl.69 vorm

Mediese rekeninge sal slegs betaal word indien die Vergoedingsfonds die werkbesering aanvaar het. As dit afgekeur was sal die beseerde werker die mediese rekeninge betaal.



WORK ACCIDENT SUPPORT


- BELANGRIKE INFORMASIE
- TYDELIKE ONGESKIKTHEID
- PERMANENTE ONGESKIKTHEID
- STERFTE AGV 'N BESERING
- MEDIESE ONKOSTE
- VERVOER VAN WERKERS


KONTAK ONS

# VERVOER VAN WERKERS

## WERKERS BESEER IN 'N MOTOR ONGELUK

Waar werkers vervoer word van en na die werk en betrokke is in 'n motor ongeluk kan, sulke ongelukke aanvaar word as 'n werksbesering. Dit geld ook vir werkers, en werkende direkteure wie vergarderigs bywoon elders vir die besigheid.

Die belangrikste kriteria waaraan voldoen moet word is dat die vervoer GRATIS aan die werkers verskaf moet word. Geen gelde mag afgetrek van die werker se salaris om te betaal vir vervoer nie.

### Die volgende is van die vrae moet gewoonlik beantwoord moet word:

- Wie is die geregistreerde eienaar van die voertuig en in wie se diens is die bestuurder?
- Noem die plek van vertrek en die bestemming van die voertuig.
- Het die voertuig op 'n direkte roete na sy bestemming vanaf die plek van vertrek gery?
- Wat was die doel van die reis?
- Is die voertuig spesifiek gebruik vir die doel wat in bogenoemde vraag beskryf word?
- Is vervoer gratis aan werkers verskaf?
- Die registrasienommer(s) van die voertuig(e) wat in die ongeluk betrokke is.
- By watter Suid-Afrikaanse Polisiestasie is die ongeluk aangemeld en wat is die verwysingsnommer aan die saak toegeken?



Work Accident Support

## KONTAK ONS!

064 360 2638

support@workaccident.co.za

www.workaccident.co.za

